Les 6

**29 Julie–4 Augustus*

Die voorkeur van die belofte

SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:
Galasiërs 3:15–20, Genesis 9:11–17, Matteus 5:17–20, Eksodus 16:22–26, Genesis 15:1–6.

Geheueteks:
"Want as erfenis uit die wet is, dan is dit nie meer uit die belofte nie. Maar God het dit aan Abraham deur 'n belofte genadiglik geskenk" *(Galasiërs 3:18).*

Iemand vra een keer vir 'n politikus: "Het jy al die beloftes nagekom wat jy in jou verkiesingsveldtog gemaak het?" Hy antwoord: "Ja . . . wel, al die beloftes wat ek my voorgeneem het om na te kom." Wie het nog nie op een of ander stadium aan die ontvangkant 'n verbreekte belofte gestaan nie? Wie het nog nie 'n belofte verbreek nie, of wie was die een aan wie 'n belofte nie nagekom is nie?

Dikwels maak mense beloftes met die volle voorneme om dit na te kom, maar doen dit dan later nie – met die wete dat sodra die klanke hulle mond verlaat of die letters hulle vingerpunte, dat alles net 'n leuen is. Gelukkig vir ons is God se beloftes van 'n geheel en al ander aard. God se Woord is vas en onveranderd. "Soos Ek dit gespreek het, sal ek dit ook laat kom: Ek het dit voorberei, Ek sal dit ook doen," sê die Here *(Jes. 46:11b).* In hierdie week se les rig Paulus ons aandag op die verhouding tussen God se beloftes aan Abraham en die wet wat 430 jaar later aan Israel gegee is. Hoe moet ons hierdie verhouding tussen die twee verstaan, en watter gevolge het dit op die verkondiging van die evangelie?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 5 Augustus.*

Sondag

30 Julie

Wet en geloof *(Gal. 3:15–18)*

Selfs al moes sy teenstanders toegee dat Abraham se lewe primêr gekenmerk is deur geloof, het Paulus geweet dat hulle dit nog steeds sou bevraagteken waarom God die gebooie aan Israel sowat vier eeue ná Abraham gegee het. Het die gee van die wet nie enige vorige reëling ontdaan gemaak nie?

Wat is die punt van Paulus se vergelyking tussen 'n persoon se testament en God se verbond met Abraham? ***Gal. 3:15–18.***

_____

_____

'n Testament en 'n verbond is gewoonlik twee verskillende dinge. 'n Verbond is gewoonlik 'n tipiese wedersydse instemming tussen twee of meer mense, en word dikwels 'n "kontrak" of "verdrag" genoem; in teenstelling hiermee is 'n testament 'n verklaring van 'n enkele persoon. Die Griekse vertaling van die Ou Testament, die Septuagint, het nooit God se verbond met Abraham met die Griekse woord wat vir wedersydse instemmings of kontrakte gebruik word, vertaal nie *(syntheke)*. Trouens, dit gebruik die woord vir 'n testament (of laaste wens) *(diatheke)*. Hoekom? Waarskynlik omdat die vertalers herken het dat God se verbond nie 'n verdrag tussen twee individue was, waar wedersydse bindende beloftes gemaak is nie. In teenstelling was God se verbond gebaseer op niks anders as Sy eie wil nie. Daar was geen tierlantyntjies van "as" en "maar" aangeheg nie. Abraham moes God net doodeenvoudig op Sy woord neem. Paulus neem hierdie dubbele betekenis van "testament" en "verbond" verder om sodoende die spesifieke kenmerke van God se verbond met Abraham te belig. Soos met die menslike testament, betrek God se belofte 'n spesifieke begunstigde, Abraham en sy nasate *(Gen. 12:1–5, Gal. 3:16); dit betrek ook 'n erflating (Gen. 13:15, 17:8, Rom. 4:13, Gal. 3:29)*. Vir Paulus is die heel belangrikste egter die onveranderende aard van God se belofte. Op dieselfde wyse as wat 'n persoon se testament nie verander kan word die oomblik wat dit in werking tree nie, so kan die gee van die wet deur Moses nie bloot God se vorige verbond met God opskort nie. God se verbond is 'n belofte (Gal. 3:16), en God is hoegenaamd geen verbreker van beloftes nie *(Jes. 46:11, Heb. 6:18)*.

Vervang die woord verbond met belofte in die volgende gedeeltes. Wat is die aard van die "verbond" in elke gedeelte? Hoe maak ons begrip van God se belofte die betekenis daarvan duideliker, en hoe help dit ons om 'n beter begrip te verkry van wat 'n verbond is? ***(Gen. 9:11–17, 15:18, 17:1–21).*** **Wat leer dit ons ook aangaande die karakter van God, en hoe ons op Hom kan vertrou?**

_____

Maandag

31 Julie

Geloof en wet *(Rom. 3:31)*

Paulus het vurig geredeneer ten gunste van die oppergesag van geloof in 'n persoon se verhouding met God. Hy het by herhaling dit gestel dat nie die besnydenis of enige ander "werke van die wet" 'n voorvereiste vir verlossing is nie, "terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie" *(Gal. 2:16)*. Boonop is dit nie die werke van die wet nie, maar geloof wat die onderskeidende kenmerk van die gelowige is *(Gal. 3:7)*. Hierdie herhaalde ontkenning van die werke van die wet laat 'n vraag ontstaan: "Het die wet dan absoluut geen waarde nie? Het God met die wet weggedoen?"

Omdat verlossing bewerkstellig word deur geloof en nie deur werke van die wet nie, bedoel Paulus hiermee dat geloof die wet afskaf (tot niet maak)? Wat sê die volgende teksgedeeltes vir ons? Vergelyk *Rom. 3:31 met Rom. 7:7, 12; 8:3 en Matt. 5:17–20*.

Paulus se redenasie in Romeine 3 is soortgelyk aan sy bespreking van geloof en die wet in Galasiërs. Paulus het daarvan bewus geword dat sy kommentaar daartoe mag aanleiding gee dat sommige meen hy verhef geloof ten koste van die wet, en daarom vra hy die retoriese vraag: "Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof?" Die woord wat vertaal word as "tot niet maak" ("hef op" in AFR83) in Romeine 3:31, is *katargeo*. Paulus gebruik die woord dikwels, en dit kan vertaal word as "laat ophou" ("vernietig" in AFR53)(Rom. 3:3, AFR83), "opgehef" (Efe. 2:15, AFR83), "beëindig" (Rom. 6:6, AFR83), of selfs "nie belangrik nie" (1 Kor. 6:13, DB). Dis duidelik dat indien Paulus die idee wou tuisbring dat daar met die wet weggedoen is aan die kruis, soos wat sommige mense vandag meen hy geleer het, sou dit nou die tyd gewees het. Maar Paulus ontken nie net hierdie sentiment met 'n besliste nee nie, hy bevestig eintlik dat sy evangelie die wet "bevestig"!

"Die plan van regverdigmaking deur geloof openbaar God se siening van Sy wet deurdat Hy op die soenoffer aandring, en daarvoor voorsiening maak. Indien regverdigmaking deur geloof die wet tot niet maak, was daar geen behoefte aan die soendood van Christus om 'n sondaar van sy sondes vry te maak, en hom in vrede met God te herstel nie. "Boonop, opregte geloof self veronderstel 'n onvoorwaardelike gewilligheid om die wil van God te vervul deur 'n lewe van gehoorsaamheid aan Sy wet . . . Ware geloof, gegrond op heelhartige liefde vir die Verlosser, kan net aanleiding gee tot gehoorsaamheid."—*The SDA Bible Commentary,* vol. 6, p. 510 (vry vertaal).

Dink aan die implikasies indien Paulus wel gemeen het dat geloof die onderhouding van die wet afskaf. Sou owerspel, byvoorbeeld, dan nie meer sonde gewees het nie, of steel, of selfs moord? Dink aan al die hartseer, pyn en lyding wat jy jouself kon spaar indien jy slegs aan God se wet gehoorsaam was. Deur watter lyding het jy of ander al gegaan as gevolg van ongehoorsaamheid aan God se wet?

Dinsdag

1 Augustus

Die doel van die wet

In Galasiërs 3:19–29 maak Paulus verskeie verwysings na "die wet". Na watter wet verwys Paulus eerstens hier in die gedeelte van Galasiërs?

Sommige, wat glo dat die woord totdat in vers 19 'n aanduiding is dat hierdie wet slegs tydelik was, het gereken dat hierdie gedeelte na die seremoniële wet verwys, aangesien die doel van die wet aan die kruis vervul is en dus tot 'n einde gekom het. Al maak dit op sigself sin, blyk dit dat dit nie Paulus se punt in Galasiërs is nie. Alhoewel beide die seremoniële en morele wet op Sinai "bygevoeg" is weens oortreding, sal ons sien, deur na die volgende vraag te kyk, dat Paulus primêr hier die morele wet in gedagte het.

Sê Paulus dat die wet bygevoeg is? Tot wat is dit bygevoeg, en waarom? ***Vergelyk Gal. 3:19 en Rom. 5:13, 20.***

Paulus sê nie dat die wet by God se verbond met Abraham gevoeg is, asof dit een of ander soort addendum aan 'n testament is wat die oorspronklike voorskrifte daarin wysig nie. Die wet het lank reeds voor Sinai bestaan (in môre se les). Paulus meen eerder dat die wet vir Israel gegee is vir 'n geheel en al ander doel. Dit was om die volk terug te lei na God en om die genade te ontvang wat Hy aan almal aanbied wat in geloof na Hom toe kom. Die wet maak ons sondige aard aan ons bekend, en laat ons ons behoefte aan God se genade besef. Die wet was nie bedoel om een of ander soort program te wees om verlossing te "verdien" nie. Trouens, Paulus sê dit was gegee "sodat die misdaad meer sou word" *(Rom. 5:20)*; dit is niks anders nie as om die sondes duidelik in ons lewe uit te wys *(Rom. 7:13)*.

Alhoewel die seremoniële wette na die Messias gewys het en klem op heiligheid gelê en 'n behoefte aan 'n Verlosser uitgewys het, is dit die morele wet met sy "Jy mag nie" wat die sonde openbaar, en wat aan ons wys dat sonde nie slegs 'n deel van ons menslike geaardheid is nie, maar inderdaad ook 'n oortreding van God se wet *(Rom. 3:20; 5:13, 20; 7:7, 8, 13)*. Daarom sê Paulus: "Maar waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie" *(Rom. 4:15)*. "Die wet is soos 'n vergrootglas. Die toestel vermeerder nie die aantal kolle wat 'n kledingstuk vuil maak nie, maar dit laat die kolle duideliker vertoon en laat baie ander uitstaan wat nie met die blote oog sigbaar is nie."—William Hendriksen, *New Testament Commentary, Exposition on Galatians* (Grand Rapids, Mich.: Baker Book House, 1968), p. 141 – vry vertaal.

Woensdag

2 Augustus

Die duur van God se wet

Beteken Paulus se stelling oor die wet wat op die Sinaiberg bygevoeg is dat die wet nie vroeër bestaan het nie? Indien nie, wat was die verskil vóór en ná Sinai? ***Lees Gen. 9:5, 6; 18:19; 26:5; 39:7–10; Eks. 16:22–26.***

Dit was nie vir God nodig om Sy wet aan Abraham met donder, weerlig en 'n doodsdreigement bekend te maak nie *(Eks. 19:10–23)*. Waarom het God dan die wet op hierdie wyse aan die Israeliete gegee? Omdat, gedurende hulle slawerny in Egipte, die Israeliete God se grootheid en Sy hoë morele standaarde uit die oog verloor het. As gevolg hiervan moes hulle bewus gemaak word van die omvang van hulle eie sondigheid en die heiligheid van God se wet. Hierdie openbaring op Sinai het presies dit gedoen.

Wat bedoel Paulus as hy sê dat die wet bygevoeg is "totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom"? ***Gal. 3:16–19.***

Baie het van die veronderstelling uitgegaan dat hierdie teks beteken dat die wet wat op Sinai gegee is, slegs tydelik van aard was. Dit kom 430 jaar na Abraham, en eindig toe Christus gekom het. Hierdie interpretasie is egter in teenstelling met wat Paulus oor die wet in Romeine sê, asook in ander gedeeltes in die Bybel, byvoorbeeld Matteus 5:17–19. Lesers maak dikwels die fout met hierdie teksgedeelte deur aan te neem dat die woord totdat 'n beperkte tydsduur aandui. Dit is beslis nie die geval nie. In Psalm 112:8 word die godvresende mens beskryf" "Vas is my hart, hy vrees nie, totdat hy op sy teëstanders neersien." Beteken dit dat hierdie persoon, wanneer hy triomfeer hy bevrees sal word? In Openbaring 2:25 sê Jesus: "Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom." Beteken dit dat Jesus meen wanneer Hy kom, is dit nie meer nodig vir ons om getrou te wees nie? Die rol van die wet het nie met Christus se koms tot 'n einde gekom nie. Dit sal aanhou om sonde uit te wys solank as wat die wet bestaan. Wat Paulus hier sê is dat Christus se koms 'n besliste draaipunt in die menslike geskiedenis sal wees. Christus kan doen wat die wet nooit kon doen nie – om ware genesing vir sonde te voorsien, dit is om sondaars te regverdig en Sy wet in hulle deur die Gees te vervul *(Rom. 8:3, 4)*.

Het jy al ooit by jouself gewonder: As die Here maar net dit of dat vir my gedoen het, dan sou ek nooit weer aan Hom twyfel of Hom bevraagteken nie? Maar dink eers aan wat by Sinai gebeur het, op watter kragtige wyse God se mag aan hulle geopenbaar is, en tog, wat het hulle gedoen? Wat behoort dit ons te vertel oor wat ware geloof is, en hoe ons dit kan verkry en hoe om dit te onderhou? ***(Lees Kol. 2:6).***

Donderdag *3 Augustus*

Die voorrang van die belofte

"Dit was hy wat in die vergadering in die woestyn was saam met die Engel wat met hom op die berg Sinai gespreek het, en saam met ons vaders; hy het die lewende woorde ontvang om aan ons te gee" ***(Hand 7:38).***

In Galasiërs 3:19, 20 sit Paulus sy gedagtegang voort oor die wet wat nie die verbond van genade tot niet gemaak het nie; dit is belangrik, want indien die teologie van sy opponente korrek was, sou die wet juis dit gedoen het. Dink daaraan in watter posisie sou ons as sondaars gewees het indien ons moes staatmaak op ons wetsonderhouding, in stede daarvan om deur God se genade gered te word. Uiteindelik sou ons almal sonder hoop gewees het. Alhoewel die besonderhede van Paulus se opmerkings in Galasiërs 3:19, 20 moeilik is, is sy basiese punt baie duidelik: die wet is ondergeskik aan die belofte, want dit is bewerkstellig deur engele en Moses. Die verbintenis met engele wat die wet gegee het, word nie in Eksodus genoem nie, maar dit word op verskeie ander plekke in die Skrif raakgelees *(Deut. 33:2; Hand. 7:38, 53; Heb. 2:2)*. Paulus gebruik die woord tussenganger in 1 Timoteus 2:5 in verwysing na Christus, maar sy kommentaar hier suggereer sterk dat hy na Deuteronomium 5:5 verwys, waar Moses sê: "Ek het in dié tyd tussen die Here en julle gestaan om aan julle die woord van die Here bekend te maak."

So majestueus as wat die gee van die wet op Sinai was, met tallose engele teenwoordig, en so belangrik as wat Moses as wetgewer was, is die wet indirek gegee. In sterk teenstelling hiermee was God se belofte direk aan Abraham gemaak (en, daarom, ook aan al die gelowiges), want daar was geen behoefte aan 'n tussenganger nie. Al is die wet uiteindelik ook hoe belangrik, dit is geen plaasvervanger vir die belofte van verlossing deur genade in geloof nie. In teenstelling hiermee help die wet ons om 'n beter begrip te verkry van hoe wonderlik hierdie belofte in werklikheid is.

Beskryf die aard van Abraham se direkte ontmoetinge met God. Watter voordeel was daaraan verbonde met so 'n onmiddellikheid met God? Neem die volgende verse in ag: ***Gen. 15:1–6, 18:1–33, 22:1–18.***

Dink aan ander ontmoetinge wat mense in die Bybel met God gehad het – Adam en Eva in Eden ***(Genesis 3)*****; Jakob se leer** ***(Genesis 28)*****; Paulus op die pad na Damaskus** ***(Handelinge 9)*****. Dis moontlik dat jy nog nie so iets dramaties ervaar het nie, maar op watter wyses het God Homself aan jou bekend gemaak (geopenbaar)? Vra jouself af of daar enigiets in jou persoonlike lewe is wat jou verhoed om die soort intimiteit en onmiddellikheid te ervaar soos wat Abraham met God gehad het? Indien wel, watter stappe kan jy doen om dit te verander?**

Verdere leeswerk:

"Tydens hulle diensbaarheid (slawerny - vertaler) het die volk die kennis van God en die beginsels van die verbond met Abraham in 'n groot mate vergeet. Deur hulle uit Egipte te verlos sou God Sy krag en Sy genade aan hulle openbaar sodat hulle kon leer om Hom lief te hê en te vertrou. Hy het hulle tot by die Rooi See gebring – waar hulle deur die Egiptenare agtervolg is en daar skynbaar geen ontvlugting was nie – sodat hulle kon besef dat hulle magteloos was en die hulp van God nodig gehad het; en toe het Hy hulle verlos. Daardeur is hulle met liefde en dankbaarheid teenoor God vervul, en met vertroue in Sy mag om hulle te help. As Verlosser uit hulle aardse diensbaarheid (slawerny - vertaler) het Hy hulle aan Hom verbind. "Maar 'n nog groter waarheid moes op hulle verstand afgedruk word. Hulle wat te midde van verdorwenheid en afgodery gewoon het, het geen ware begrip gehad van die heiligheid van God, van die uiterste sondigheid van hulle eie harte, van hulle onvermoë om die wet van God vanself te gehoorsaam en van hulle behoefte aan 'n Verlosser nie. Hulle moes dit nog alles geleer word."—Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, p. 371. "Die wet van God, in volle heerlikheid op Sinai gespreek, is die uitspraak van veroordeling aan die sondaar. Dit is op die gebied van die wet om te veroordeel, maar daar is geen krag daarin om te red of te vergewe nie."—Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary,* vol. 6, p. 1094 – vry vertaal.

Vrae om te bespreek:

1. Dink na oor die hele idee van beloftes, veral verbreekte beloftes. Hoe het jy oor diegene gevoel wat hulle beloftes aan jou verbreek het? Hoeveel verskil het dit gemaak tot watter mate daardie persoon die goeie intensie gehad het om dit na te kom, en dit dan of verbreek het, of van gedagte verander het, en jy dan besef dat daardie persoon nooit gemeen het om die belofte na te kom nie? Wat het met jou vertrouensvlak gebeur nadat die belofte verbreek is, ongeag die rede? Wat beteken dit vir jou om te weet dat jy op God se beloftes kan vertrou? Of dalk moet die vraag eerder gevra word: Hoe kan jy leer om eerstens op God se beloftes te vertrou?

2. Op watter wyses loop ons die gevaar om negatief beïnvloed te word deur ons omgewing, tot so 'n mate dat ons die belangrike waarhede wat God gee uit die oog verloor? Hoe kan ons onsself bewus maak van wat daardie korrupte invloede is, en hoe om hulle teen te werk?

Samevatting:

Die uitvaardiging van die wet op Sinai het nie die belofte van God aan Abraham tot niet gemaak nie, en die wet het ook nie die belofte se voorskrifte verander nie. Die wet is gegee sodat mense bewus gemaak kan word van die ware omvang van hulle sondigheid, en hulle behoefte aan God se belofte aan Abraham en sy nasate kan erken.

Notas

JOURNEY THROUGH THE BIBLE

KEN WADE



978-0-8163-4309-6

978-0-8163-4433-8

978-0-8163-3940-2

Journey Through the Bible will help you not to miss any directions God has for you. The series is a study of the history, significance, and meaning of each book of the Bible from Genesis through Revelation. These three volumes, *Journey Through the Bible: From Genesis to Job*, *Journey Through the Bible: From Psalms to Malachi*, and *Journey Through the Bible: From Matthew to Revelation*, will help you to grasp the central message of each book and encourage you to persevere through the portions that may seem obscure or difficult. Read them and be blessed in your journey toward the kingdom. **$14.99 each**

Pacific Press®

©2016 Pacific Press® Publishing Association
Please contact your ABC for pricing in Canada.
15590297

Three ways to order:

1 Local	Adventist Book Center®
2 Call	1-800-765-6955
3 Shop	AdventistBookCenter.com

Reaching the Soul

Seventh-day Adventist education not only reaches mind and body—it reaches deep into the soul. Spiritual lessons learned last a lifetime. That's why your Thirteenth Sabbath Offering this quarter emphasizes Adventist education across the Southern Asia Division.

From the southern tip of India to the far northeast section, your gift will make a difference in the lives of thousands of young people by providing much-needed new classrooms and dormitories at Adventist schools, and a training center for all ages.

Visit our website at adventistmission.org to read exciting stories from this diverse and fascinating country. You may also give online anytime on our secure website at giving.adventistmission.org.

Thank you for your faithful support of the Thirteenth Sabbath Offering—an Adventist tradition of supporting mission for more than 100 years!

ADVENTIST MISSION
WWW.ADVENTISTMISSION.ORG